STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

17 NOVEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

KONINKRYKSTYD

**OGGENDDIENS**

'n Vrugbare lewe in moeilike tye

Habakuk 3

**MEDITATIEWE DIENS AFLSUITING 24NOV**

Ons gaan reflekteer oor die jaar wat verby is en die mooi in ons lewens vier met gedigte, musiek en nag-maal. Kom steek 'n kers vir 2020 aan.

**JEUGDIENS**

*Rooted*

**AANDDIENS**

Die lewe van 'n Christen (Deel 5) Matteus 5

**DEURKOLLEKTE**

**Christelike Polisievereniging**

## EREDIENSTE

| | | | 17 November | | 24 November | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 4 | Ds. Visagie | 1 |
| 09:00 | Kleinsaal | Gesinsdiens | Ds. Potgieter | 7 | Ds. Potgieter | 8 |
| 09:00 | Kapel | Meditatief | Ds. Dietmann | - | Ds. Dietmann | - |
| 18:00 | Kerk | Jeugdiens | Ds. Ackerman | - | Ds. Ackerman | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Mike v. Deventer | 11 | Mike v. Deventer | 12 |

## DIE TIENDEMAAND EN BYBELSE VRYGEWIGHEID

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. Die bedrag van **R672 890** is sover ingesamel. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop.

**Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die taren-taalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

## KOSPROJEKINSAMELING VIR NOV. & DES.

In November word bydraes vir November en Desember ingesamel. Die kospakkies vir die twee maande word op Dinsdag 26 November verpak. Ons doen 'n beroep op lidmate om niebederfbare produkte vir die twee maande te skenk, of kontantbydraes per EFT na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, verwysing KOSPROJEK oor te betaal. Die kospakkies word aan gesinne in die omgewing, wat finansiële nood beleef, voorsien.

## JEUGDAGBOEK

- GRAAD 1-3-KAMP: 22 tot 23 November. Kom neem deel aan die ontdekkingsreis. Aansoekvorms is op www.stellenberg.co.za.
- ANNIBRAND JUNIOR (graad 1 tot 6): 09:20 tot 10:20.
- ANNIBRAND SENIOR ( graad 7 tot 11): Na die jeugdiens, 19:00 tot 19:30.
- RELEVANT: Dis vir jong volwassenes. Ons luister 15 min. lank na 'n aanbieding en gesels dan saam oor die onderwerp. Sien jou Woensdagaand 17:00 in die markplein.

## VERANDERINGE IN JUNIOR KATEGESE

Ons beoog om op Sondag 10, 17 en 24 November die volgende aanpassings in ons junior-kategesisteem te beproef:

- **Eredienste:** Albei die oggenddienste om 09:00 skop af met 'n kindergreep van ongeveer 20 minute. Kinders kan in dié tydgleuf die erediens op hulle eie vlak beleef. Na die kindergreep verlaat die kinders die erediens en kan die prediker op volwasse lidmate se geestelike behoeftes fokus.
- **Annibrand Junior (Kategese):** Ons verwys voorts na kategesegroepe as Annibrand Junior. Na afloop van die kinderdiens sal kinders saam met lede van die *hallo-span* (hulle het Annibrand-hemde aan) en hulle groepleiers die erediens verlaat en verskillende graadgroepe sal in hul bepaalde lokale byeenkom. **Geen kind hoef die erediens alleen te verlaat nie.** In die kerk en kleinsaal kan die kinders almal na agter beweeg om die lede van die *hallo-span* en kleingroepleiers te ontmoet. Annibrand Juniorgroepe sal teen 10:20 afgehandel wees. Ouers het dus na die erediens nog geleentheid vir saamkuier in die markplein. Kontak asseblief die jeugkantoor, Sunet by 021 975 1044/ sunet@stellenberg.co.za indien jy enige navrae of voorstelle het.

### KATEGESE

### KLEINGROEPE

Graad 1: Ou kafeteria

Graad 2 en 3: Jeuglokaal

Graad 4, 5 en 6: Grootsaal

Graad 7: Komiteekamer

Graad 8: Grootsaal

Graad 9: Ou kafeteria

Graad 10: Kleinsaal

Graad 11: Kerk

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

### BREIGROEP

Ons ontmoet op 2 Desember om 10:00 vir ontbyt.

Kontak vir Ria McMIcken by 083 519 0602 vir verdere besonderhede.

Die breigroep benodig steeds wolskenkings. Afvalwol is ook welkom.

## KOEKIES EN KASIES VIR KERSFEES

Baie dankie vir die bydraes van wigkasies en *Toppers*-koekies wat reeds ontvang is, maar nog bydraes vir Ruyterwacht Senior Sentrum se Kerspakkies aan minderbevoorregte bejaardes, is steeds baie welkom. Gee asb. bydraes voor 25 Nov. by die kerkkantoor af. Kontantbydraes kan per EFT oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik asb. *KASIES* as verwysing.

## KERSETE VIR KLIPHEUWEL

Ons wil graag 'n Kersete vir die inwoners van die informele nedersetting in Klipheuwel aanbied. Ons beoog om die ete aan 300 mense te bedien. Indien jy bereid is om te help met die bediening van die ete op Kersdag, 'n donasie wil maak, of met die voorbereiding van die ete behulpsaam kan wees, kontak asb. vir Schalk Burger 079 577 8268/schalk@shiloh.org.za.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Daar is reeds sowat 150 Bybels wat versprei sal word, aangeskaf. Ons mikpunt is om 500 Bybels voor die einde van die jaar in te samel. Bydraes vir die projek kan elektronies oorbetaal word na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. *Khayelitsha Bybels* as verwysing. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word.

## VATVYF-AFSLUITING

**VatVyf-afsluiting op Woensdag 20 Nov. om 12:00 in die kleinsaal.** Ons gaan saam 'n Kersprogram geniet en die geleentheid met 'n heerlike middagete afsluit. Koste: R20 per persoon. Bespreek asb. by Karin 021 976 4519 teen 18 Nov. om 14:00.

## JOU KIND EN DIE INTERNET

Kom luister op Sondag 24 November om 10:00 ( na die erediens) in die kleinsaal na die advies wat Nadine Blom vir ouers het rakende veilige internetgebruik vir kinders. Sy het onlangs haar meestersgraad in o.a. die veld van kuberveiligheid gedoen.

Geen besprekings nodig nie en toegang is gratis.

### EDELWEISS BYBELSTUDIE

Donderdag 21 Nov. om 15:00 en 15:45
Spreuke 12:
Wysheid waarvan die Here hou . . .

(Laaste Bybelstudie vir 2019)

### HUISBYEENKOMS

Sondag 24 Nov om 18:00. Lukas 3:1–18: 'n Nuwe pad en 'n nuwe leefwyse.

### GEBEDSGROEPE

- Vrouegebedsgroep Maandagoggende om 09:15 in die kapel.
- Asemskep-gebedsgroep Dinsdagaande om 18:30 in die kapel.
- Mannegebedsgroep Donderdagoggende om 06:00 in die kafeteria.

### DANKIE Sê VIR VRYWILLIGERS

Ons wil graag alle vrywillige helpers wat ons deur die loop van die jaar bygestaan het, uitnooi na 'n gesellligheid op Vrydag 29 November om 10:00 in die markplein. Teken asb. die datum in jou dagboek aan.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Hendrik Johannes (Hennie) Cilliers, gebore 3/12/1942 en oorlede op 10/11/2019. Sy roudiens is op Donderdag 14 November in die kerk gehou. Ons meegevoel met sy vrou, Miemie, Panoramarylaan 83 en kinders Pierre en Ursula, asook Abré en Liesl, en kleinkinders wat hy agterlaat.
- Anna Maria van den Berg, gebore 18 /04/1924 en oorlede op 13/11/2019. Sy was sedert 2003 'n lidmaat van die gemeente en 'n inwoner van Edelweiss. Ons meegevoel met familie wat sy agterlaat. Geen begrafnisreëlings is al bekend nie.
- Johan Vermeulen, gebore 4/12/1942 en oorlede op 8/11/2019. Sy roudiens is op Woensdag 20 November om 11:00. Ons opregte meegevoel met Suzette, sy vrou, Susanstraat 10 A, Rosendal, asook sy kinders wat hy agterlaat.

## WERKSWINKELS VIR BESIGHEIDSMENSE

Besigheidseienaars en professionele persone word uitgenooi na 'n werkswinkel op Dinsdag 19 November vanaf 07:30 tot 09:00 in die kafeteria. Tema: Misie vir 2020 – lei, wen en groei. Ons kyk saam terug oor 2019 en kry strategieë en planne gereed vir 2020. Aanbieders: JP Cronje (US Bestuurskool) en Rudolph van Schoor (Besigheidsafrigter, Stellenberg Ondersteuningsentrum).

Koste: R40. Besprekings: anneke@stellenberg.co.za

## EREDIENSWERKERS

Ons het dringend eredienswerkers vir 2020 by ons oggend- en gesinsdienste nodig. Jy sal ongeveer een keer per maand 'n diensbeurt behartig. Kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za/021 976 4519 indien jy jou hulp wil aanbied.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Daar is kliniese sielkundiges, mediators, spraak- en arbeidsterapeute, asook 'n musiekterapeut beskikbaar.

Afsprake kan tussen 09:00 en 12:00 by 021 976 8029 gemaak word, of skakel die sentrumbestuurder Rudolph van Schoor by 082 854 4530.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE